



# PETRUSBURG NUUS

Deur God se genade 'n biddende gemeente wat mekaar in liefde dien en uitreik na die wêreld.  
25 Julie 2021

## Vanoggend se erediens

**Tema:** Mag ek bid om die beskerming van Psalm 91

**Skriflesing:** Psalm 91

Wanneer 'n mens lees wat mense oor die korona-pandemie te sê het, of jy gesels met mense oor hoe hulle dit hanteer en of hulle die entstof gaan neem of nie, kom jy vroeër of later uit by verwysings na Psalm 91. Dit klink min of meer só: "Ek bid net Psalm 91 en die bloed van Jesus oor my. Ek sal oukei wees."



## Só glo ons

### Ek glo... Heidelbergse Kategismus

Vraag 32: Waarom word jy 'n Christen genoem?

Antwoord: Omdat ek deur die geloof 'n lid van Christus is en daardeur deel aan sy salwing het, sodat ek sy Naam kan bely, myself as 'n lewende dankoffer aan Hom kan toewy en in hierdie lewe met 'n vrye gewete teen die sonde en die duiwel kan stry en hierna met Christus in ewigheid oor alle skepsels kan regeer.

## Ons Program

### Vandag:

- 📌 **Aanlyn-erediens** olv ds. Jaco Thom
- 📌 **Deuroffer:** Vennootskappe NGKA Vrystaat

### Sondag 1 Augustus:

- 📌 **Nagmaalsdiens** olv ds. Jaco Thom. Ons hou die inperkingsmaatreëls dop.
- 📌 **Sondagskool** indien die inperkingsmaatreëls dit moontlik maak.
- 📌 **Deuroffer:** Vennootskappe: Lesotho



## Huisbesoek

Ds Jaco het weer met huisbesoek begin nadat sy inentingsproses voltooi is. Verlede week was die plase wat deur die brande getref is en gesinne waar hy nog nie was nie, aan die beurt. Hy gaan vandeeweek daarmee voort. Kontak hom asb as hy jou iewers in sy kennismaak-rondtes gemis het.

Baie dankie aan die Vrouediens

Bestuur wat bederfpakkies gemaak het wat ds Jaco by die boere wat brandskade gekry het, kon gaan afgee. Hulle was verras en dankbaar.

## Lief & Leed

### Verjaarsdae

Die volgende lidmate verjaar in die week wat voorlê. Baie geluk! Mag dit 'n besondere jaar vir elkeen van julle wees.

### Julie

- 25 Telulah Meyer
- 26 Annamarie Dercksen; Marietjie Steenkamp
- 28 Magda van Wyk
- 29 Monique Nienaber
- 30 Ronel de Wet
- 31 Jakkie Lombaard; Bianca Meades



*Gelukkige Verjaarsdag!*

Mag God se seën oor jou lewe heers en mag Goedheid en Guns jou volg reg deur die nuwe lewensjaar.

Geniet jou dag!

*Baie Liefde!*

### Voorbidding

- 📌 Ina Prinsloo – Geval en arm gebreek, herstel by huis na operasie.

<u>Leraar:</u>	<b>Jaco Thom</b>	084 523 1157	<a href="mailto:jaco@ngkerkpetrusburg.co.za">jaco@ngkerkpetrusburg.co.za</a>
<u>Kantoor:</u>	<b>Madette Lombaard</b>	053 574 0279	<a href="mailto:ngkpetrusburg@gmail.com">ngkpetrusburg@gmail.com</a>
<u>Orrelis:</u>	<b>Elmien Thom</b>	084 562 3434	<a href="mailto:elmien@ngkerkpetrusburg.co.za">elmien@ngkerkpetrusburg.co.za</a>
<u>Koster:</u>	<b>Annamarie Dercksen</b>	072 499 4262	<a href="mailto:annamarie.dercksen@yahoo.com">annamarie.dercksen@yahoo.com</a>
<u>Webwerf</u>	<a href="http://www.ngkerkpetrusburg.co.za">www.ngkerkpetrusburg.co.za</a>		facebook <a href="https://www.facebook.com/NGKerkPetrusburg">NG Kerk Petrusburg</a>
<u>Kantoorure</u>	Maandae: 11:00-13:00 & Dinsdae – Vrydae: 08:00-13:00		
<u>Bankrekening</u>	ABSA Tjekrekening 2610580001		